GEMEENTE. SUPPLEMENT 8

[KERK EN KULTUUR]
DIE VERHOUDING TOT JOU VOOROUERS WAT AL AFGESTERWE HET

Inleiding. Christene het die Godgegewe verantwoordelikheid om hulle wêreldbeskouing, idees, waarhede, geloofsoortuigings, menings, waardes, gedragservarings en instellings te verander sodat dit gelykvormig is aan die kultuur van die Koninkryk van God! In hierdie studie bestudeer ons die verhouding tot jou voorouers wat alreeds afgesterf het.

In sekere kulture word baie klem gelê op die verhouding met afgestorwe voorvaders. Hulle glo dat die menslike *geeste van hulle voorvaders* nog aanwesig is;:

- in die huis waar hulle gewoon het
- by die graf waar hul liggame begrawe lê
- in ’n amulet wat hulle dra of in ’n huis of tempel bewaar word

Wat leer die Bybel oor die onderwerp van die geeste van die afgestorwe voorvaders?
Wat is die verskil tussen die geeste van die afgestorwe voorvaders en bose geeste?

A. DIE BLYPLEK VAN DIE GEESTE VAN VOOROUERS NADAT HULLE ALREEDS AFGESTERF HET

Lees Lukas 16:22-23.
Ontdek en bespreek. Waar bly die geeste van die voorouers nadat hulle gesterf het?

Aantekeninge. Wanneer ongelowige mense sterf, gaan hulle menslike geeste (siele) onmiddellik na die hel toe, waar hulle vir ewig in pyn verkeer. “Die hel” is die plek waar:

- “God Homself nie bekend maak nie, nie meer die goeie dinge gee nie, nie meer reën vanaf die hemel of gereelde oeste gee nie, en nie meer volop kos gee of mense gelukkig maak nie” (Handelinge 14:17).
- “jy altyd geban is uit die teenwoordigheid (nabyheid) van God (2 Tessalonisense 1:9)
- “jy deur God verlate voel” (Matteus 27:46)!
- “jy nie kan sterf nie en die pyn en smart nie geblus kan word nie” (Markus 9:48).

Maar wanneer ware Christene sterf, gaan hulle menslike geeste (siele) onmiddellik na die hemel toe, waar hulle vir ewig in die teenwoordigheid van Jesus Christus verkeer (Prediker 12:7; Johannes 14:1-3; 2 Korintiërs 5:1-2; Filippense 1:23; Openbaring 6:9-11; Openbaring 20:4).

Dus die geeste van afgestorwe voorouers is alleen in die hel of in die hemel, maar nooit op die aarde aanwesig nie! Hierdie waarheid moet Christene aanspoor om die evangelie te verkondig aan hulle nie-Christelike ouers en ander familielede terwyl hulle nog op aarde lewe!

B. DIE INVLOED VAN DIE GEESTE VAN AFGESTORWE VOOROUERS OP DIE AARDE

Lees Prediker 9:5-10.
Ontdek en bespreek. Watter moontlike invloed sou die geeste van afgestorwe familielede, in die staat waarin hulle hul bevind, kan hê op mense op die aarde?

Aantekeninge. Terwyl die liggaam in die graf lê, is die menslike gees (siel) van die gestorwe mens óf in die hel óf in die hemel. Die Bybel leer dat die geeste (siele) van mense wat gesterf het, geen betrokkenheid of invloed meer het op die mense wat nog op die aarde lewe nie! Die geeste van die gestorwe voorvaders is nie meer op die aarde nie en kan hoegenaamd geen invloed meer hê op hulle familielede of ander mense wat nog op aarde lewe nie!

- Die geeste van die afgestorwe voorouers is nie aanwesig in die huis waar hulle vroeër gewoon het nie!
- Die geeste van die afgestorwe voorouers bly ook nie in of by die graf waar hulle liggaam begrawe lê nie!
- Die geeste van afgestorwe voorouers bly ook nie in tempels waar hulle herdenk, vereer of aanbid kan word nie!
- Die geeste van die afgestorwe voorouers sit nêrens gevange in amulette wat saamgedra kan word nie!

Die geeste van die afgestorwe voorouers is nêrens aanwesig op die aarde nie! Die geeste van afgestorwe voorouers is alleen in die hemel (as hulle Christene was) of in die hel (as hulle nié Christene was). Die Bybel leer baie duidelik dat die geeste van afgestorwe mense nie meer die mense op hierdie aarde kan haat of op hulle jaloers kan wees nie. Hulle kan nie wraak neem nie en geen kwaad op die aarde doen nie omdat hulle geen invloed meer op mense of gebeurtenisse op hierdie aarde het nie!

C. DIE AANROEP VAN DIE GEESTE VAN DIE AFGESTORWE VOOROUERS OM TE HELP

Ontdek en bespreek. Waarom het die aanroep van die geeste van die afgestorwe voorvaders om hulp geen sin nie?

1. Die geeste van afgestorwe voorouers het geen kennis van mense of gebeure op die aarde nie!

Lees Prediker 9:5-10.

Aantekeninge. Hulle het geen wysheid nie en kan dus geen wyse raad aan die mense op aarde gee nie. Hulle het geen enkele invloed op die planne van mense op die aarde nie. Hulle kan nie mense op aarde help nie, omdat hulle glad nie op die aarde aanwesig is nie! Die Bybel leer dat ná die liggaamlike dood, geen menslike gees meer deelneem aan enige aktiwiteit op hierdie aarde nie!

2. Bose geeste kan die geeste van afgestorwe voorouers naboots.

Lees 1 Samuël 28:8-14; Johannes 8:44; 2 Korintiërs 11:14.
Aantekeninge. Toe koning Saul 'n waarsêer (medium of dodebesweerster) besoek het, het hy gedink dat hy die gees van die afgestorwe profeet Samuel hoor praat. Maar dit kon slegs 'n bose gees gewees het wat die stem van Samuel nageboots (vervals) het. Saul het glad nie vir Samuel gesien nie en selfs die waarsegster (medium) het nie gesê dat sy Samuel gesien het nie. Sy het wel gesê, "Ek sien 'n wese (wat tot die wêreld van die gode of bose geeste behoort)(Hebreeus: elohim) uit die aarde opkom, wat lyk op 'n ou man en hy het 'n mantel aan" (1 Samuel 28:13-14).

Mense wat glo dat hulle kontak kan maak met die geeste van afgestorwe mense en dat hierdie geeste invloed het op mense en gebeure op hierdie aarde, word deur bose geeste (demone) mislei! Hulle is leuenaars en Jesus het gesê dat die satan die vader van alle leuens is (Johannes 8:44). En die apostel Paulus het gesê dat die satan hom voordoen as 'n engel van die lig, net soos valse apostels en bedrieglike arbeiders wat voorgee om iemand anders te wees as wat hulle in werklikheid is (2 Korintiërs 11:14). Wat Saul en die waarsegster in werklikheid gesien het, was nie die gees van die afgestorwe Samuel nie, maar 'n bose gees ('n demoon) wat die stem van Samuel nageboots het!

D. DIE AANROEP VAN DIE GEESTE VAN AFGESTORWE CHRISTENE OM TE HELP

Lees Job 14:21; Jesaja 63:16; Hebreërs 7:25; 1 Johannes 2:1.
Ontdek en bespreek. Waarom mag Christene nie die geeste van afgestorwe mense vra om te help nie?
Aantekeninge. Sommige mense glo dat die menslike geeste van bepaalde beroemde Christene wat gesterf het as 'heiliges' aangeroep mag word om *namens* hulle in die hemel voorbidding (by God, Christus, Maria) te doen. Hierdie mense vereer (beskou met groot respek en innige aanvaarding) hierdie sogenaamde 'heiliges' en verlang na hulle voorbidding en hulp.

Maar die Bybel leer baie duidelik dat die menslike geeste van afgestorwe Christene nie bewus is van die gebeurtenisse op die aarde en ook nie betrokke kan raak by mense of gebeurtenisse op die aarde nie. Volgens Job weet die geeste van afgestorwe mense nie of hulle kinders op die aarde ryk geword het of arm gebly het nie. En volgens die profeet Jesaja is die afgestorwe geeste van Abraham en Jakob nie in staat om te sien of te hoor wat daar met hulle nakomelinge op die aarde gebeur nie.

Die Enigste Een wat op die aarde vir Christene voorbidding kan doen, is Jesus Christus! Daarom mag Christene nie bid tot sogenaamde 'heiliges' of tot die geeste van hulle voorvaders nie. Inteendeel, die Bybel leer dat Christene net moet bid tot God die Vader in die Naam van Jesus Christus en onder leiding van die Heilige Gees.

E. DIE AANROEP VAN BOSE GEESTE OF DEMONE OM HULP

Ontdek en bespreek. Waarom mag mense nie bose geeste of demone aanroep om hulp nie?

Aantekeninge. Moderne *spiritiste* of *mediums (waarsêers)* wat aanspraak daarop maak dat hulle werklik met die geeste van afgestorwe voorouers (familielede) kontak kan maak, maak in werklikheid kontak met bose geeste (demone). En bose geeste (demone) is gevalle engele wat lieg en bedrieg! Daar bestaat geen goeie geeste of goeie engele waarmee mense kontak kan maak nie! Die Enigste Goeie Gees waarmee mense kontak kan en mag maak, is die Heilige Gees! Hy herinner Christene aan alles wat Jesus Christus gesê het, wys Christene die weg na die hele waarheid, verkondig aan hulle die toekomstige dinge en verheerlik Jesus Christus (en nie een of ander afgestorwe heilige nie) (Johannes 14:26; 16:13-15)!

1. Bose geeste is valse boodskappers.

Lees 2 Korintiërs 11:14.
Paulus waarsku Christene dat bose geeste (demone) deskundiges/meesters is in vermomming en namaak (vervalsing). Hulle kan hulleself voordoen as boodskappers van Jesus Christus, terwyl hulle in werklikheid boodskappers van die satan is! Hulle kan hulleself voordoen as die geeste van afgestorwenes, terwyl hulle in werklikheid bose geeste (demone) is!

2. Bose geeste gee leuenagtige boodskappe.

Lees Deuteronomium 18:20-22; Jeremia 23:25-26; 1 Timoteus 4:1; Matteus 4:5-6; Johannes 8:44.

Paulus waarsku Christene dat bose geeste (demone) onderrig gee in valse leringe en mense bedrieg. Hulle gee aan mense wat in hulle glo valse boodskappe, valse profesieë, (toekoms voorspellinge), valse drome en valse visioene, valse gevoelens en valse ervarings, en valse leerstellings, ensovoorts wat lýk of dit van God kom, maar in werklikheid van die duiwel kom!

Die duiwel haal ook die Bybel aan om mense te mislei. Hy het selfs geprobeer om Jesus Christus te mislei deur die Bybel uit sy verband aan te haal (Lukas 4:9-11)! Jesus Christus waarsku Christene dat "die duiwel 'n leuenaar is en die vader van alle leuens" is. Daarom moet Christene altyd die boodskappe van verkondigers en die drome, visioene en ervarings van mense toets aan die duidelike leerstellings van die Bybel!

3. God verbied mense om kontak te maak met bose geeste.

Lees Deuteronomium 18:9-13; Levitikus 19:31; 20:6,27; Jesaja 8:19-20.
God verbied die mens om kontak te maak met die menslike geeste van afgestorwe mense, met bose geeste, met spiritiste (waarsêers) en allerlei okkultiese magte! In Jesaja 8:19-20 sê God: "Mense sê julle moet mediums en spiritiste raadpleeg wat fluister en mompel, maar moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? Waarom sou 'n mens dooies in belang van lewendes raadpleeg? Terug na die wet en die getuienis (d.i. die Woord van God in die Bybel)! Wie nie volgens hierdie woord (d.w.s. die Woord van God) praat nie, is sonder toekoms!"

Die Bybel verbied Christene om enige ander gees te raadpleeg en beveel Christene om net die Woord van God te raadpleeg! God beveel Christene om die Bybel te bestudeer, korrek uit te lê, en te gehoorsaam. Mense wat die bevel verontagsaam, sal hoegenaamd geen leiding (lig) van God ontvang nie! Daarom moet Christene slegs die wil van God soek soos dit in die Bybel geopenbaar is! Vergelyk Handleiding 4, les 43 en Supplement 18.

F. DIE VERERING VAN DIE GEESTE VAN AFGESTORWE VOOROUERS

1. Mense word verbied om enigiets, behalwe die lewende God van die Bybel, te vereer of te aanbid.

Ontdek en bespreek. Waarom mag Christene nie die menslike geeste van afgestorwe voorouers vereer of aanbid nie?

Aantekeninge.

- Christene word verbied om engele te aanbid (Kolossense 2:18-19).
- Christene word verbied om die duiwel of sy demone te aanbid (Matteus 4:8-10)!
- Christene word verbied om ander mense te aanbid (Handelinge 14:11-15).
- Daarom word Christene ook verbied om die geeste van afgestorwe voorouers te vereer of te aanbid.

Jesus Christus het Christene beveel om slegs die Here God te aanbid en Hom alleen te dien (Matteus 4:10)!

2. Mense word verbied om godsdienstige offers te bring.

Ontdek en bespreek. Waarom mag Christene geen wierook brand of offerandes bring vir die afgestorwe voorouers of familielede nie?

Aantekeninge.
Lees 1 Korintiërs 10:19-20. Die apostel Paulus het geleer dat die offerandes aan gode in werklikheid offerandes aan demone is! Bose geeste (demone) vereenselwig hulle graag met gode of met tekeninge en afbeeldings van gode. Bose geeste (demone) bly graag in tempels, godsdienstige altare, huisaltare vir die gode en die grafte van die dooies. Bose geeste (demone) raak betrokke in die godsdienstige seremonies in tempels, in godsdienstige feeste van die nie-Christene, die offerandes van wierook, voedsel en geld, ens. Bose geeste (demone) assosieer hulle met al hierdie uiterlike sigbare godsdienstige dinge, omdat dit 'n maklike manier is om mense op die aarde te beïnvloed of selfs te beheer! Christene mag geen wierook brand of offerandes bring vir die geeste van afgestorwe voorouers (familielede) nie, omdat sulke aktiwiteite in werklikheid offerandes aan die bose geeste (demone) is!

Lees Matteus 6:24; 1 Korintiërs 10:21. Paulus sê dat mense nie tegelyk demone en die Lewende God kan dien nie! Mense moet dus kies tussen die dien van demone of die Lewende God wat Hom in die Bybel en in Jesus Christus geopenbaar het!

G. DIE HERDENKING VAN AFGESTORWE VOOROUERS

Ontdek en bespreek. Waarom mag Christene wel hulle afgestorwe voorvaders of familielede herdenk?

Aantekeninge. Die Bybel verbied die verering en aanbidding van mense en die verering en aanbidding van die geeste van afgestorwe voorouers (familielede).
Maar die Bybel beveel die *herdenking* van belangrike mense en gebeurtenisse in die verlede aan!

1. Dink aan die genealogie van die mens Jesus Christus.

Lees. Matteus 1:1-17; Lukas 3:23-37.

Die eerste paragraaf in die Nuwe Testament is die geslagsregister van Jesus Christus. Dit is ’n feit dat Jesus Christus die Ou-Testamentiese openbaring vervul het (Matteus 5:17) en tegelyk die Nuwe-Testamentiese openbaring ingelei het.

“Jakob was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word” (Matteus 1:16). Josef het geweet dat hy ’n afstammeling van Dawid was (Lukas 1:27) en die engel Gabriël het dit bevestig (Matteus 1:20-23). Maar Josef was egter nie die natuurlike vader van Jesus nie. Hy was slegs die wetlike vader van Jesus na sy menslike natuur (Lukas 2:4-5).

Ook Maria het geweet dat sy ’n afstammeling van Dawid was deur wat die engel Gabriël teenoor haar gesê het (Lukas 1:32). En die hoëpriester Sagaria het geweet dat Jesus ’n afstammeling van Dawid was (Lukas 1:69). Maar Maria was die natuurlike moeder van Jesus na sy menslike natuur deur die werk van die Heilige Gees in haar (Lukas 1:26-38).

Matteus het waarskynlik *die wetlike geslagsregister van Jesus* opgeteken via Josef, Jakob, Mattan, ens. tot Salomo en Dawid (Matteus 1:1-17), terwyl Lukas waarskynlik *die fisiese geslagsregister van Jesus* opgeteken het via Maria, Eli, Mattat, ens. tot Natan en Dawid (Lukas 3:23-37). Jesus was die wetlike seun van Josef en Josef was die skoonseun (nie seun) van Eli nie. Eli was dus die vader van Maria. Daarom sê Lukas ook dat Jesus was “soos hulle gemeen het” die seun van Josef.” Dus, Matteus het die geslagresregister van Josef opgeteken en Lukas die geslagsregister van Maria.

Die geslagsregister in Matteus bevat die name van beide goeie en slegte mense. Die Bybel teken ook die sondes van sogenaamde ‘goeie’ mense op, ten einde dit baie duidelik te maak dat alle mense verlossing nodig het.

2. Dink aan die gebeurtenisse rondom verlossing en oordeel in die Bybel.

Lees 1 Korintiërs 10:6-11.
Die Bybel sê dat die gebeurtenisse in die Ou Testament plaasgevind het as *voorbeelde en waarskuwings*, sodat Christene nie sou verlang na die lelike dinge soos hulle voorvaders in die verlede gedoen het nie. Christene moet dus die gebeurtenisse in die heilsgeskiedenis van die Bybel in gedagte hou!

3. Dink veral aan die geloof van die geloofsgetuies in die Bybel.

Lees Hebreërs 11:7-10,24-27,32-40.
Hebreërs 11 dink aan die geloofsgetuies in die Ou Testament, omdat hulle lewens en geloof van die werklikheid van God en sy Koninkryk getuig het.

4. Dink aan die voorgangers wat die Woord van God aan julle verkondig het en volg hulle geloof na.

Lees Hebreërs 13:7.
Christene moet aan hulle voorgangers (leiers) wat die Woord van God in die verlede tot hulle gespreek het, dink. Hulle moet ook dink aan hoe hulle die Woord van God in die praktyk gehoorsaam het en hulle geloof navolg.

Gevolgtrekking. Christene mag nie hulle voorgangers of leiers of enige ander belangrike persoon vereer of aanbid nie. Maar Christene moet die goeie voorbeeld en geloof van hulle voorgangers in gedagte hou en navolg. So mag Christene ook die goeie voorbeeld en geloof van hulle afgestorwe voorouers in gedagte hou en navolg!